higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5

(3030605)

2 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.25) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 As 'n oortreder 'n liedjie op 'n … manier kopieer, kan die komponis al die geld terugkry wat die oortreder gemaak het.

A bemarkte
B gelisensieerde
C kommersiële
D niewinsgewende

1.2 Wanneer 'n … onwettig gekopieer is, is die eienaar daarvan geregtig op die wins wat die oortreder gemaak het.

A liedjie met kopiereg
B opgeneemde liedjie
C liedjie wat gesing is
D gekomponeerde liedjie

1.3 Om 'n liedjieskrywer se bladmusiek …, is 'n kopieregoortreding as dit sonder sy/haar toestemming gedoen word.

A te tref ('hit')
B te kopieer
C te druk
D uit te voer ('perform')

1.4 Vir enige openbare uitvoering van 'n liedjie met kopiereg word vereis dat …

A 'n betaling daarvoor gemaak word.
B dit bestudeer moet word.
C 'n lisensie uitgeneem moet word.
D dit gerepeteer moet word.

1.5 SAMRO administreer uitvoeringslisensies namens die …

A kunstenaars.
B komponiste.
C platemaatskappye.
D klankingenieurs.

Kopiereg voorbehou

1.6 … vir/aan 'n kopieregoortreding kan tronkstraf of ernstige boetes behels.

A 'n Skuldigbevinding
B Arrestasies
C Beskerming
D 'n Regsgeding

1.7 Die … van kopieregbeskermde inhoud vir persoonlike gebruik is toelaatbaar.

A opneem
B aflaai
C lisensiëring
D kopiëring

1.8 … tree op as skakel in die verspreidingskanaal van die vervaardiger na die klant.

A Bemarkers
B Tussengangers
C Winkels
D Pakhuise

1.9 Met die … van kopiereg het die komponiste 'n geleentheid om weer besit van hul musiek te neem.

A ondertekening
B oordrag
C omkering
D publisering

1.10 … is 'n handgeskrewe of gedrukte vorm van musieknotasie waarin moderne musieksimbole gebruik word om toonhoogte, ritme of akkoorde aan te dui.

A Bladmusiek
B Letternotering
C Intonasie
D Lirieke

1.11 Met bladmusiek kan bedoel word die gedrukte … van kommersiële bladmusiek tesame met die vrystelling van 'n film, televisieprogram en plate-album.

A klankbaan
B manuskrip
C saak
D publikasie

Kopiereg voorbehou

1.12 Musiekhandelaars span die kennis waaroor hulle beskik, in besigheid in om die verkope van musiekprodukte …

A te bestuur.
B te bevorder.
C te verkoop.
D op te spoor.

1.13 Komponiste moet by … geregistreer word.

A SAMRO
B RISA
C SABC
D platemaatskappye

1.14 Handelaars se tantième beloop gewoonlik 'n persentasie van die … verkope.

A normale
B bruto
C geprojekteerde
D netto

1.15 Stadions en … begin nou om winsverdelers te word.

A gehore
B sale
C programme
D feeste

1.16 Kunstenaars hou daarvan om … artikels soos 'n duur oortrektrui te dra.

A ontwerpers-
B nuwe
C elegante
D spesiale

1.17 Die lokaalbestuurder hou 'n persentasie van die geld wat die kunstenaar maak en dit word die … genoem.

A inisieergelde
B uitvoeringsgelde
C lokaalgelde
D inkomste

1.18 'n Toerondernemer se kontrak vereis die terugbetaling van …

A skuld.
B wins.
C voorskotte.
D tantièmes.

Kopiereg voorbehou

1.19 'n Komponis moet die dienste van 'n … verkry.

A persoonlike bestuurder
B uitgewer
C klankingenieur
D agent

1.20 Die finansiële kwessies van 'n toer word deur die … gehanteer.

A finansiële bestuurder
B persoonlike bestuurder
C rekenmeester
D sakebestuurder

1.21 Die sakebestuurder vorder uitvoeringsgelde van die … in.

A gehoor
B borge
C toeskouers
D toesighouers

1.22 As 'n lid van 'n orkes die groep verlaat, kan die maatskappy die oorblywende lede …

A se diens beëindig.
B dagvaar.
C hersaamstel.
D organiseer.

1.23 … skakel die nodigheid om die meester te lisensieer uit.

A Produksie
B Promosie
C Oorspeel
D Bemarking

1.24 'n … betaling is 'n uniforme bedrag op grond van 'n bepaalde aantal verkope.

A Minimum
B Geringe
C Deurlopende
D Goeie

1.25 … word teen 'n lae prys gemaak om van oorgeproduseerde artikels ontslae te raak.

A Noodverkope
B Prysverlagingsverkope
C Produksieverkope
D Aankoopverkope

(25 × 2) **[50]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.25) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Daar is sprake van die skending van kopiereg as musiek sonder toestemming gebruik word.

2.2 Die stelsel in die musiekbedryf waarin uitvoeringsregte gekoop word, behels die proses van betaal en speel.

2.3 Die liedjieskrywer wat die musiek skep, is die een wat wettige regte op die eienaarskap van daardie musiek het.

2.4 Opsetlike roof van werk met kopiereg is wettig.

2.5 Wanneer 'n persoon musiek in die openbaar wil uitvoer, moet hy/sy toestemming by die eienaar van die musiek verkry om dit te doen.

2.6 Openbare uitvoerings word gedoen om die kunstenaar se sosiale kennisse te vermaak.

2.7 Dit is onwettig om kopieregbeskermde inhoud vir openbare verspreiding op te laai.

2.8 Komponiste kan hul liedjies outomaties omkeer ('revert').

2.9 Komponiste kan ook voorskotte op meganiese tantièmes verkry.

2.10 Filmmusiek word spesifiek geskryf om as agtergrondmusiek gespeel te word terwyl die film vertoon word.

2.11 'n Filmregisseur kan nooit betrokke raak wanneer die komponis bladmusiek vir die film skryf nie.

2.12 Liedjies maak deel van die film se klankbaan uit.

2.13 Komponiste is geregtig daarop om sinchroniseergelde te ontvang.

2.14 Die lisensies vir gedrukte musiek is vir 'n leeftyd geldig.

2.15 Daar word nie aan drukkers tyd gegee om die oorblywende produkte aan die einde van die termyn te verkoop nie.

2.16 Dit is uiters moeilik om handelaarstantièmes te bestuur, vergeleke met tantièmes vir musiekverkope.

2.17 Handelaars stel nie personeel aan om produkte by die uitvoeringslokaal te verkoop nie.

2.18 Dit is nie kunstenaars se verantwoordelikheid om lokaalgelde te betaal nie.

2.19 'n Persoonlike bestuurder inisieer die regte toer vir 'n kunstenaar.

Kopiereg voorbehou

2.20 Die sakebestuurder se pligte begin sodra die toer 'n aanvang neem.

2.21 As die groep skeur, kan elkeen die naam van die groep gebruik soos hulle wil.

2.22 Die liedjieskrywer wat die groep gestig het en met die groep se naam vorendag gekom het, kan die naam ná 'n skeuring gebruik.

2.23 'n Sakebestuurder maak seker dat al die personeel op die betaalstaat betaal word.

2.24 'n Komponis verleen meganiese lisensies aan radiostasies.

2.25 Daar word digitaledrukregte aan webtuistes verleen.

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Sakebestuurder	A	verleen aan die lisensiehouer die reg om 'n opgeneemde stuk musiek in 'n mediaprojek te gebruik
3.2	Persoonlike bestuurder	B	kort, digitale kopie van opgeneemde musiek
3.3	Onkoste vir statutêre skadevergoeding	C	word deur kopiereg beskerm
3.4	Besprekingsagent se werk	D	stel kunstenaars aan om by feeste op te tree
3.5	Meesterslisensie	E	hertoedeling van alle komposisies, ongeag of dit opgeneem is of nie
3.6	Digitale klank	F	kyk na die finansiële aspekte van 'n kunstenaar
3.7	SAMRO	G	kry werk vir die kunstenaar in die musiekbedryf
3.8	Snit ('sample')	H	uitgewer moet die liedjie op 'n tydstip in die toekoms aan die komponis terugbesorg
3.9	Toerbestuurder	I	adviseer en gee voorligting oor alle aspekte van sy/haar loopbaan aan die kunstenaar
3.10	Kopiereg	J	tegnologie wat gebruik word om klank op te neem, te stoor, te manipuleer, te genereer en te reproduseer met behulp van klankseine wat in digitale vorm geënkodeer is
3.11	Liedjies en opnames	K	kyk na al die logistiek tydens 'n toer
3.12	Agente	L	stel kopiereghouers, wat in hul skendingseise slaag, in staat om skadevergoeding te ontvang vir elke werk ten opsigte waarvan oortree is
3.13	Promotors	M	vorder uitvoeringstantièmes in
3.14	Omkeer van kopiereg	N	kry werk vir die kunstenaar by promotors
3.15	Outomatiese omkering	O	regsbeskerming vir geskepte werke soos musiekkomposisies, lirieke en plate

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 4

Voltooi elkeen van die volgende sinne deur 'n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

interdik; versameling; kontrakte; vervaardig; gepubliseer; opgeneem; beraam; gedrukte; platemaatskappy; besit; sinchroniseerlisensie; kopiereg; kommissie; vernietig; geïnkorporeer

4.1 Meesterslisensieregte berus by die … as dit nie by die onafhanklike kunstenaar berus nie.

4.2 'n … word aan filmmaatskappye verleen.

4.3 'n Snit ('sample') beteken dat 'n gedeelte van 'n vorige opname by 'n nuwe opname … word.

4.4 … kan die komponis se liedjies teen skending beskerm.

4.5 Die persoonlike bestuurder … planne vir die kunstenaar se langtermynloopbaanontwikkeling.

4.6 Die agent se …persentasie kan wissel na gelang van die soort werk, die tydsduur en/of die gewildheid van die kunstenaar.

4.7 Bestuurders en agente vereis getekende … voordat hulle 'n kunstenaar sal verteenwoordig.

4.8 Die kopiereg op alle liedjies word deur komponiste of liedjieskrywers … .

4.9 Die liedjie moet aan die skrywer terugval indien dit nie … word nie en kommersieel vrygestel is.

4.10 'n Persoon kan 'n … verkry, waarvolgens die hof die oortreder verbied om die onwettig gekopieerde werk te gebruik.

4.11 Die hof kan gelas dat enige onwettige kopieë … word.

4.12 Reproduseerregte beteken dat 'n persoon se komposisie nie opgeneem of in 'n film gebruik mag word of die bladmusiek deur iemand … mag word nie.

4.13 'n … liedjies deur 'n aantal verskillende kunstenaars en skrywers word gemengde folio's genoem.

4.14 Lisensies vir … musiek geld slegs vir beperkte tydperke – drie tot vyf jaar.

4.15 Opstapeling vind plaas wanneer die drukker meer eenheidsregte voor die einde van die termyn … sodat hy/sy tonne van jou voorrade het om ná die termyn te verkoop.

(15 × 2) **[30]**

TOTAAL AFDELING A: 160

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Gee 'n bondige definisie vir elk van die volgende terme:

5.1.1	Statutêre skadevergoeding vir kopiereg	(3 × 2)	(6)
5.1.2	Musiekpublisering	(10 × 2)	(20)
5.1.3	Digitale opname	(2 × 2)	(4)
5.1.4	Druklisensiegelde	(3 × 2)	(6)

5.2 Dui aan en verduidelik SES eksklusiewe regte wat tot beskikking is van die eienaar van 'n werk met kopiereg. (34)

[70]

VRAAG 6

6.1 Bespreek kortliks hoe jy te werk sal gaan om 'n naam en handelsmerk te gee aan die orkes wat jy gestig het. (10 × 2) (20)

6.2 Definieer elk van die volgende terme:

6.2.1	Omkering van kopiereg	(3 × 2)	(6)
6.2.2	Omkeervoorwaardes	(3 × 2)	(6)
6.2.3	Outomatiese omkering	(6 × 2)	(12)
6.2.4	Meestersregte-omkering	(3 × 2)	(6)

[50]

VRAAG 7

Watter rol vertolk 'n persoonlike bestuurder in die loopbaan van 'n kunstenaar? (10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou